

**Vrydag 18 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:7b-9**

**Wedergeboorte – nie 'n vrywaring teen sonde nie**

Paulus, die man van God in die Nuwe Testament. 'n Swakkeling? Hoe kan 'n man wat op drie sendingreise gaan en wat onbeskryflike marteling deurleef het ter wille van die Here, 'n swakkeling wees? Tog sien Paulus homself só. Hy het 'n doring in die vlees. Hy beleef hoe 'n boodskapper van Satan, die groot verleier en die vader van die leuen, hom pynig deur hom “met die vuiste te slaan”.

Wat presies hierdie beproewing van Paulus was, kan ons maar net raai. Dit word nie hier gesê nie en vanuit die konteks kan verskillende afleidings gemaak word. Tog is dit nie waarop die Here ons wil laat fokus in hierdie gedeelte nie. Die fokus lê op die feit dat God se krag duidelik word in ons swakhede en dat die krag van Christus ons beskutting moet wees.

Hoe het ons nie hierdie beskutting elke dag nodig nie!? Elke keer wat 'n kind van die Here homself in die Woord van die Here spieël, word hy gekonfronteer met sy swakheid en sonde – ook ek en jy! Sien, ons wedergeboorte is nie 'n vrywaring teen die sonde nie. Net omdat die Heilige Gees my hart besny het en aan my 'n nuwe hart gee om die wil van die Here te wil doen (Dordtse Leerreëls 3/4:11), beteken dit nie dat ek nou sondeloos is nie. Ek is en bly in myself swak.

Maar aan God die dank! Elke keer wat ek só myself sien in die Here se Woord, word die krag van God duidelik. Daardie krag waarmee Christus uit die dood opgewek is, waarmee die sonde oorwin is en wat Christus aangestel het as Hoof oor die kerk. Elke keer wat ek só na myself kyk, word die krag van God duidelik: Hy wat die menslik-onmoontlike gedoen het deurdat Hy beide 100% genadig en 100% regverdig is.

*Sing: Skrifberyming 3-2:1, 3, 4*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)*